Teksgedeelte: Psalm 50 en Heidelbergse Kategismus Sondag 45

Teksvers: Psalm 50:14-15

Tema: Die waarom, hoe en wat van gebed

1) **Inleiding**

~~Geliefdes in die Here Jesus Christus, waarom bid jy?~~

~~Van kleintyd af word ons geleer om te bid. Eenvoudige gebedjies, word later aan die gebed van `n tiener waarin jy God beter leer ken en dit word die gebed van `n volwassene wat in afhanklikheid van God bid dat Hy die pad vorentoe sal wys.~~

~~Maar waarom bid jy? Gaan dit werklik daaroor dat jy God wil aanbid vir Wie Hy is of bid jy oor dit wat jy daaruit kan kry? In die laaste week het `n paar van ons daaroor gepraat dat ons as gemeente meer moet bid; dat ons `n biddende kerk moet word.~~

~~Kom ons staan vir die volgende paar weke stil by die basiese van gebed en vra vir God om ons te leer waarom, hoe en wat ons moet bid deur Sondag 45 tot 52 as basis te gebruik.~~

~~In Psalm 50 en Sondag 45 leer ons veral drie basiese aspekte van die gebed, naamlik waarom ons moet bid, hoe ons moet bid en wat ons moet bid.~~Die laaste paar weke is daar `n besonderse fokus op gebed. Ons het die werkswinkel gehad verlede naweek, een van die lidmate het gevra dat ons `n reeks preke oor die Onse Vader-gebed moet hou en gebed is ook een van die beginsels van ons nuwe bedieningstrategie. Ook wat die Omkeerstrategie van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika betref, is daar `n sterk fokus op gebed.

Die rede hiervoor is dat gebed die asemhaling van die siel is. Gebed is `n belangrike deel van die geestelike groei van gelowiges en interessant genoeg, elke groot herlewing wat daar in die kerkgeskiedenis was, het met gebed begin. Calvyn het baie op die gebed gefokus en ook in die Heidelbergse Kategismus spandeer ons `n groot gedeelte aan ons belydenis oor gebed.

Kom ons begin dan hierdie reeks oor gebed deur stil te staan by die waarom, hoe en wat van gebed. Kom ons leer opnuut wat die wonder van elke bede van die Onse Vader is. Kom ons leer weer bid...

2) **Waarom moet ek bid?**

In die hart van Psalm 50, vers 15, gee God aan die volk `n eenvoudige opdrag: “Roep My aan in die dag van benoudheid...”. `n Eenvoudige, duidelike opdrag. Die rede waarom God hierdie opdrag vir die volk gee is net so eenvoudig: Hy is God en dit is wat Hy vra. Daar is nie enige mooi-pratery of tierlantyntjies nie, net die eenvoudige opdrag met die eenvoudige feit dat Hy God is.

As ons na die hele Psalm luister hoor ons dat die volk gereeld vir God offers gebring het. Ons hoor dat hierdie offers gebring is en die voorskrifte opgesê is, maar dat die volk goddeloos was omdat hulle nie gedoen het wat God vra nie. Die offers en die voorskrifte het vir hulle net nog iets geword wat hulle moet doen. Hulle het emosieloos teenoor dit begin staan en dit glad nie meer met die regte gesindheid gedoen nie.

Die offers wat God van die volk gevra het moes hulle heenwys na die sonde wat hulle gehad het en dat dit net God is wat dit kan vergewe. Dit moes hulle vorentoe wys na die Verlosser wat gaan kom en hulle moes met werklike berou en hartseer oor hulle sonde die offers bring. Eenvoudig, in ons taal, gestel: hulle moes bekeer en omkeer!

Hulle het egter nie meer berou oor hulle sonde gehad nie en daarom dat God hulle oproep om weer om die regte redes te begin offer en dat hulle offers moet bring wat vir God goed en aanneemlik is.

Die offers wat hulle moes bring het egter ook hand-aan-hand geloop met die gebede wat hulle aan God moes bring. Hulle gebede het net soos hulle offers verflou in iets wat nou maar net gedoen moes word omdat dit maar altyd gedoen was. Hulle het dalk nog gebid, maar hulle hart was nie meer daarin nie.

Daarom kom God in hierdie gedeelte en beveel hulle om weer tot Hom te bid. Deur hulle gebed moet hulle God loof en prys en dank vir sy wonderlike genade! Hy het hulle uit Egipte uitgelei en daarvoor moes hulle God dank. Dit is na Hom wat hulle moes roep en dit is Hy wat hulle elke keer weer verhoor het en daarvoor moes hulle Hom ook gedank het.

In 1 Tessalonisense 5:17 gee God weer aan ons hierdie opdrag dat ons tot Hom moet bid en dat ons Hom deur gebed moet dank in alle omstandighede vir dit wat Hy vir ons en aan ons doen. Gebed is iets wat God van ons eis, sodat ons daardeur vir Hom kan wys dat ons dankbaar is vir dit wat Hy vir ons en aan ons gedoen het. Om hierdie rede is gebed `n opdrag van die Here wat ons vandag nog het.

Hoe maklik gebeur dit dat ons begin dink dat God mos weet wat in my lewe aangaan en dat ek daarom nie hoef te bid nie. As God my ken is dit mos nie nodig nie, hoekom wil God dan nou hê dat ek moet bid? Geliefdes, gebed is nie daar sodat God meer van jou moet kry nie, maar sodat jy meer van God kan kry. Op die ou-einde gaan die hele lewe en alles wat in die hemelruim bestaan oor God. Gebed is net dood eenvoudig die grootste manier of die beste manier waarmee ek God kan wys dat ek dankbaar is vir my verlossing.

3) <u>Hoe moet my gebed lyk?</u>

Die tweede vraag in Sondag 45 vra hoe `n gebed moet lyk wat God behaag en deur Hom verhoor word. Behaag, om dit eenvoudig te stel, beteken om iemand gelukkig te maak. Dit beteken dat die gebed wat ons bid vir God goed en aanneemlik moet

wees! Daarom wil ons in gehoorsaamheid en uit dankbaarheid vra hoe ons gebed moet lyk.

Wat uit die staanspoor belangrik is, is dat ons God reg moet aanroep. Wat hiermee bedoel word is dat ons tot God moet bid met die wete dat Hy werklik God is. Hoe maklik gebeur dit dat ons, selfs onbewustelik, God probeer inperk of manupileer in ons gebede. Ons probeer selfs party kere om met God `n transaksie aan te gaan waarin ons van Hom verwag om sekere goed te doen omdat ons weer op ons beurt iets anders doen.  Ons sal dit nie sommer erken nie, maar ons probeer Hom inperk in `n klein boksie wat ons vir onsself opgestel het.

Geliefdes, Hy weet alles, Hy ken jou gedagtes, Hy het die heelal geskep en onderhou dit nog, Hy doen die menslik-onmoontlike want vir Hom is alles moontlik. Daarom dat Psalm 50 juis begin met hierdie belydenis dat die Here alleen God is en dat Hy die aarde oproep. Daarom dat Hy sê dat Hy van ons rekenskap gaan eis.

Dit is wanneer ons met hierdie wete bid en God só aanbid wat ons nie anders kan as om ons eie nood en ellende raak te sien en te bely nie, want as ons te doen het met God se almag en grootheid kan ons nie anders as om onder die indruk te kom van ons eie kleinheid nie! Daarom dat ons bely dat ons in die tweede plek ons eie nood en ellende reg moet ken en weet hoekom ons in hierdie nood en ellende verkeer. Dit is juis wanneer ek my nood en ellende ken wat ek voor God kan neerval en bely dat ek nie sonder Hom kan lewe nie. Dit is dan wanneer ek voor Hom kan neerval en bely dat uit Hom en deur Hom en tot Hom alle dinge is en dat alle eer aan Hom toekom.

Wanneer God die volk in Psalm 50:14-15 beveel om Hom aan te roep, gee Hy vir hulle die belofte dat Hy hulle sal help en sal red. Hiermee gee God aan hulle die belofte dat Hy hulle gebede sal verhoor en hierdie belofte staan vandag nog. Christus het aan ons hierdie belofte bevestig in Johannes 14:13 waar ons die volgende hoor:

"*Wat julle ook al in my Naam vra, sal Ek doen, sodat die Vader deur die Seun verheerlik kan word. As julle My iets in my Naam vra, sal Ek dit doen.*"

Tog hoor ons in hierdie gedeelte iets baie belangrik wat ons altyd moet onthou oor die "hoe" van gebed. Dit is dat wat ons wil hê een moet wees met wat God wil hê. Dit beteken dat ek werklik myself elke dag sal verloën en Christus sal volg en dat ek nie maar uit gewoonte my gebede afsluit met "om u Naam ontwil" nie, maar dat ek dit werklik bedoel wanneer ek bid! Omkeer of bekering, ook wat my eie wil betref, gaan hand-aan-hand met gebed.

4) <u>Wat beveel God my om voor te bid?</u>

As ek weet waarom ek moet bid en hoe my gebed moet lyk, dan wil ek ook weet waarvoor ek moet bid. Ons bely dat ons vir alle geestelike en liggaamlike behoeftes moet en kan bid. Ons hoor dit ook in Filippense 4:6-7 waarin ons geleer word dat

ons oor niks besorgd moet wees nie, maar dat ons in alles ons begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend moet maak.

Die rede hiervoor is omdat ons weet dat God ons Vader is en dat Hy werklik na sy kinders luister. Hy is nie `n tiran nie, maar `n liefdevolle Vader wat aan sy kinders alles gee wat hulle nodig het. Daarom dat God ons ook beveel dat ons alles `n gebedsaak moet maak.

In die Onse Vader-gebed leer Christus ons om vir alles te bid wat ons mag nodig hê. In eenvoudige taal sluit Christus alles in die gebed in waarvoor ons kan bid en die volgende sewe Sondae gaan ons hierby stilstaan en vra waarvoor alles ons kan en mag en moet bid, sodat God alle eer kan kry in die manier waarop ons bid.

5) Slot

Geliefdes in die Here Jesus Christus, bid tot die Here. Nie omdat jy wil nie, maar omdat jy moet want jy kan nie anders nie! Roep Hom aan as die enigste, ware God, wees klein voor Hom en stort jou hart teenoor Hom uit! Dit is waar bekering en omkeer gaan begin.

Amen.